

Dinsdag 18 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 137

**Fokusgedeelte: Psalm 137:3, 4;
Heidelbergse Kategismus 49:124**

Laat jou wil plek maak vir God se wil

Israel moes hulle eie wil prysgee om aan die wil van God gehoorsaam te wees. Dit was nie maklik nie. Die volk van die Here het by 'n rivier in Babel gewoon, waar hulle stene gemaak het en die netwerk van kanale moes hanteer. Die Babiloniërs het van die volk van die Here vereis om vir hulle 'n Sionslied te sing. Dit was 'n wrede verwagting om 'n vreugdeslied te sing terwyl hulle rou oor die verlies van hulle land en tempel.

Daarom hang hulle hul musiekinstrumente aan die bome op en vra: "Hoe kan ons die lied van die Here in 'n vreemde land sing?" Hulle was onder die indruk dat hulle God net kon verheerlik in Jerusalem en die tempel. Hulle het baie goed geweet wat die wil van God was. Hulle het nie die reg om mense se regte te vertrap nie. Hulle woon immers in die land wat aan God behoort, en Hy is besig om die wil van die volk te verander sodat hulle om-gee en liefde verder as hulle landsgrense strek.

Hy het die wil van die mens omgekeer om die weg te baan vir Jesus se koms. Hy sou kom om van ons almal tempels te maak tot lof van God, sodat ons – soos Hy – die vreugdeboodskap na alle volke, tale en nasies kan uitdra.

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3

Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)